SAKE 24 (Rapport)
Sunday, 21 February 2010, p. 6

Jan Taks sal elders vat as hy boedelbelasting afskaf

ADRI VAN ZYL IN JOHANNESBURG
adri.vzyl@sake24.com

Die hersiening en moontlike afskaffing van belasting wat by afsterwe gehef word, is deur belastingkenners verwelkom.

Alle oë is egter op die belasting wat gehef gaan word om vir die verlies aan boedelbelasting en kapitaalwinsbelasting by afsterwe te vergoed.

Die kenners is dit ook eens dat 'n ander belasting boedelbelasting sal vervang.

Mnr. Pravin Gordhan, minister van finansies, het in sy begrotingsrede aangekondig dat die heffing van belasting by afsterwe hersien gaan word.

Hy het in sy rede gesê boedelbelasting is 'n omslagtige administratiewe proses wat baie min tot die staatskas bydra.

Die betaling van boedelbelasting en kapitaalwinsbelasting by afsterwe word ook deur die tesourie beskou as 'n vorm van dubbele belasting.

Afgesien van die administratiewe hekkies, kan die superrykes ook hul sake so reël dat boedelbelasting tot die minimum beperk word. sê me. Louise Vosloo. direkteur in die belastingafdeling by die ouditfirma Deloitte.

Dit word deur die tesourie erken in sy beweegrede vir die hersiening van boedelbelasting: Baie ryk individue vermy die las van boedelbelasting deur trusts en ander strukture.

"Die tyd is dus ryp vir die hersiening van belasting by afsterwe en die manier waarop dit gehef word," word in die begrotingsrede aangevoer.

Vosloo sê dit lyk uit die begrotingsrede asof boedelbelasting afgeskaf kan word, maar dit sal vervang word deur 'n ander belasting, soos kapitaalwinsbelasting of bykomende belastingheffings op trusts.

"Ons sal moet wag en sien wat die tesourie in die mou voer. Van een ding kan ons seker wees, en dit is dat die regering op 'n ander manier die inkomste gaan verhaal wat hy verloor deur die afskaffing van boedelbelasting," sê sy.

Prof. Matthew Lester, hoogleraar in belastingstudies aan Rhodes-universiteit in Grahamstad, sê kapitaalwinsbelasting op boedels kan tot meer as 25% verhoog word.

Mnr. Louis Venter van Citadel Trust sê die aankondiging oor die moontlike afskaffing van boedelbelasting is 'n verrassing omdat dit omtrent die enigste welvaartbelasting is wat tans in Suid-Afrika gehef word. En veral as mens in ag neem dat die koers waarteen boedelbelasting in die VSA gehef word 40% beloop.

Venter sê dit sal interessant wees om te sien watter kapitaalbelastings verhoog gaan word om vir die verlies aan boedelbelasting vir die staatskas te vergoed, veral teen die agtergrond daarvan dat baie meer mense in die net van kapitaalwinsbelasting as die net van boedelbelasting val.